Hier volg die opgedateerde weergawe van die Mielie Scenario-Ontledings soos op 10 November 2026

MIELIE SCENARIO-ONTLEDINGS



10 November 2026

Tydens Kongres en deur die Mielie-werkgroep is daar versoek dat scenario-ontledings op 'n gereelde basis met produsente gedeel word. Die doel is om inligting te verskaf wat die volgende vrae kan beantwoord:

- Wat is die impak indien slegs hoërpotensiaalgronde aangeplant word?
- Hoe lyk die moontlikhede ten opsigte van termynmarkkontrakte, en watter risiko's hou dit vir produsente in?
- Hoe vergelyk die winsgewendheid van mielies met dié van ander somergraangewasse?
- Wat sal die verwagte impak van die voorspelde droogte wees?
- Wat is die moontlikhede vir markuitbreiding, en hoeveel addisionele vraag word benodig om verligting op mielievoorraadvlakke te bied?

Die inligting is saamgestel op grond van gemiddelde aannames. Dit is belangrik dat elke produsent sy of haar eie plaasvlakberekeninge doen, aangesien omstandighede van plaas tot plaas verskil.

info@grainsa.co.za

www.grainsa.co.za



GRAIN | GRAAN

WITMIELIE SCENARIO-ONTLEDINGS

HOË-POTENSIAAL LANDE

10 November 2026

		Huidige scenario	ha - 27,5% (+1/2 pyplyn)
RSA Produksie	Ton	>9,77 Mil	≥7,079 Mil
Plaas aanplanting	ha	**1000**	**725**
Safex Prys	R / Ton	R3 865	R5 038
Produsente Prys	R / Ton	R3 445	R4 618
Totale koste	R / Ton	-R4 666	-R4 666
Kontantvloei benodig		-R25 478 053	-R18 471 588
Net Posisie	R / ton	-R1 221	-R48
Net Posisie	R / ha	-R6 668	-R262
Net Posisie		-R6 668 353	-R190 127

Tabel Bo- **Middel kolom: Suid-Afrika produseer tans meer as 9,77 miljoen ton witmielies teen 'n gemiddelde opbrengs van 5,46 t/ha en 'n plaashekprys van R3 445/ton. Laaste kolom: Die scenario waar aanplantings met 27.5% afneem, gekombineer met 'n verbruik van ongeveer die helfte van die beskikbare pyplyn (afhangend van die stadium van die bemarkingseisoen), dui daarop dat plaaslike voorraad onder druk kan kom en pryse uiteindelik nader aan invoerpariteit kan beweeg.**

Die winsgewendheid van hoëpotensiaalgronde teenoor laerpotensiaalgronde verskil beduidend onder normale omstandighede. Indien produsente aanplantings evalueer en slegs hoëpotensiaalgronde plant, kan dit tot 'n afname in aangeplante hektare lei.

Aaname en voorbeeld: Indien Suid-Afrika 27.5% ha minder witmielies aanplant weens slegs aanplanting van hoë potensiaal grond, wat 'n produksie van ongeveer 7.079 miljoen ton oplewer teen 5,46 t/ha (met aanname van moontlike EL-Nino gee Hoë potensiaal lande 'n gemiddelde oes).

Resultaat: Die verwagte plaashekprys styg tot ongeveer R4 618/ton (invoerpariteit). Hierdie scenario ontstaan omdat plaaslike verbruik in die beskikbare pyplyn in beweeg.

Tabel Regs: Indien hoë potensiële aanplantings slegs op individuele vlak geskied en nie landswyd nie, bestaan die risiko dat pryse nie voldoende sal beweeg nie.

Let ook op dat insetfinansiering vir kontantvloei steeds in al die scenario's benodig sal word om produksie te ondersteun.

Risiko		
RSA Produksie	**ha**	**≥7,079 Mil**
Safex Prys	R / Ton	R3 865
Produsente Prys	R / Ton	R3 445
Totale koste	R / Ton	-R4 666
Net Posisie	R / Ton	-R1 221
Net Posisie	R / ha	-R6 668
Net Posisie		-R4 834 556

Die inligting is saamgestel op grond van gemiddelde aannames. Dit is belangrik dat elke produsent sy of haar eie plaasvlakberekeninge doen, aangesien omstandighede van plaas tot plaas verskil.

info@grainsa.co.za

www.grainsa.co.za



GEELMIELIE SCENARIO-ONTLEDINGS
HOË-POTENSIAAL LANDE

		Huidige scenario	ha - 3,8%(+1/2 pyplyn)
RSA Produksie	Ton	>7,91 mil	≥7,61 Mil
Plaas aanplanting	ha	**1000**	**962**
Safex Prys	R / Ton	R3 700	R5 038
Produsente Prys	R / Ton	R3 280	R4 618
Totale koste	R / Ton	-R4 240	-R4 240
Kontantvloei benodig		-R31 246 736,4	-R27 809 595
Net Posisie	R / ton	-R960	R379
Net Posisie	R / ha	-R7 073	R2 790
Net Posisie		-R7 073 136	R2 683 968

Tabel Bo:-Middel kolom: Suid-Afrika produseer tans meer as 7.91 miljoen ton geelmielies teen 'n gemiddelde opbrengs van 7,37 t/ha en 'n plaashekprys van R3 280/ton. Laaste kolom: Die scenario waar aanplantings met 3.8% afneem, gekombineer met 'n verbruik van ongeveer die helfte van die beskikbare pyplyn (afhangend van die stadium van die bemarkingseisoen), dui daarop dat plaaslike voorraad onder druk kan kom en pryse uiteindelik nader aan invoerpariteit kan beweeg.

Die winsgewendheid van hoëpotensiaalgronde teenoor laerpotensiaalgronde verskil beduidend onder normale omstandighede. Indien produsente aanplantings evalueer en slegs hoëpotensiaalgronde plant, kan dit tot 'n afname in aangeplante hektare lei.

Aanname en voorbeeld: Indien Suid-Afrika 3.8% ha minder geelmielies aanplant weens slegs hoë potensiaal lande aangeplant word, wat 'n produksie van ongeveer 7.61 miljoen ton oplewer teen 7,37 t/ha (met aanname van moontlikke EL-Nino gee hoë potensiaal lande gemiddeld oes).

Resultaat: Die verwagte plaashekprys styg tot ongeveer R4 618/ton (invoerpariteit). Hierdie scenario ontstaan omdat plaaslike voorraad in die beskikbare pyplyn in beweeg. Suid-Afrika sal gevolglik begin om geelmielies in te voer, wat plaaslike pryse verder in lyn met invoerpariteit kan laat verhandel.

Tabel Regs: Indien hoë potensiële aanplantings slegs op individuele vlak geskied en nie landswyd nie, bestaan die risiko dat pryse nie voldoende sal beweeg nie.

Let ook op dat insetfinansiering vir kontantvloei steeds in al die scenario's benodig sal word om produksie te ondersteun.

Risiko		
RSA Produksie	**ha**	**≥7,61 Mil**
Safex Prys	R / Ton	R3 700
Produsente Prys	R / Ton	R3 280
Totale koste	R / Ton	-R4 240
Net Posisie	R / Ton	-R960
Net Posisie	R / ha	-R7 073
Net Posisie		-R6 804 357

Die inligting is saamgestel op grond van gemiddelde aannames. Dit is belangrik dat elke produsent sy of haar eie plaasvlakberekeninge doen, aangesien omstandighede van plaas tot plaas verskil.

info@grainsa.co.za
www.grainsa.co.za

VERVOERKOSTE UITDAGING TEENOOR PRYS



Die foto hierbo illustreer die huidige oorhoofse handelsvloei van mielies in Suid-Afrika. Alle mielie-uitvoere vind tans deur die Durban-hawe plaas, terwyl die grootste gedeelte van geelmielie-invoere deur die Kaapstad-hawe geskied. Vir witmielies om mededingend in die voermark te wees, moet die witmielieprys na raming ongeveer R120 tot R140 per ton laer as die geelmielieprys verhandel. Die rede hiervoor is dat die koste om karoteen by witmielies in te meng, ten einde 'n soortgelyke voedingswaarde ten opsigte van karoteen as geelmielies te verkry. Volgens die oesskatting van 27 Oktober 2026 het die aanplantingsvoornemens vir die komende seisoen afgeneem, met 'n daling van 18,18% vir witmielies en 3,10% vir geelmielies. Produsente staar egter steeds 'n strukturele markuitdaging in die gesig: Suid-Afrika kan deur die jaar geelmielies invoer, terwyl wit- en geelmielies selfs uitgevoer word. In die Wes-Kaap word geelmielies hoofsaaklik deur die Kaapstad-hawe ingevoer om in die plaaslike voermark se behoeftes te voorsien. Dit hou onder meer verband met die prys- en vervoerkoste tussen Randfontein en Kaapstad. Die koste om plaaslik beskikbare mielies vanaf Randfontein na die Wes-Kaap te vervoer, maak dit dikwels minder mededingend as ingevoerde geelmielies.

Dus kan Suid-Afrika, selfs met 'n surplus witmielies, steeds geelmielies invoer om in die Wes-Kaapse voermark se behoeftes te voorsien en terselfdertyd uitvoer. Die vervoer- en logistieke koste verbonde aan die verskuiwing van plaaslike wit- of geelmielies vanaf Randfontein na Kaapstad, tesame met ander bykomende kostefaktore, bemoeilik die plaaslike bemarking van mielies in hierdie streek.

Die inligting is saamgestel op grond van gemiddelde aannames. Dit is belangrik dat elke produsent sy of haar eie plaasvlakberekeninge doen, aangesien omstandighede van plaas tot plaas verskil.

info@grainsa.co.za
www.grainsa.co.za



GSA
GRAIN | GRAAN

MIELIE SCENARIOS

KOOP TERMYNMARK KONTRAKTE (WITMIELIES VOORBEELD)

		ha - 27,5% (+1/2 pyplyn)	Prys -10% (Huidig)	Prys - 20% (Huidig)
Safex Prys begin	**R / Ton**	R3 865	R3 865	R3 865
Safex Prys Sluit	**R / Ton**	R5 038	R3 479	R3 092
Produksie	**Ton**	**≥7,079 Mil**	**>9,77 Mil**	**>9,77 Mil**
Variasie marge	**R / Ton**	R1 173	-R387	-R773
Aanvangsmarge	**R / Ton**	-R420	-R420	-R420
Minimum Kontantvloei benodig (Totaal)		**-R1 662 570**	**-R4 403 490**	**-R6 513 780**
Net Posisie	**R / ton**	**R1 173**	**-R387**	**-R773**
Net Posisie	**1000ha**	**R4 644 429**	**-R2 110 290**	**-R4 220 580**

Beskrywing

Aanvangsmarge

- R42 000 per 100 ton kontrak
- R420/ ton

Aanname:

- Die prysbeweging sal nie moontlik wees as daar nie 27.5% minder produksie is nie. Die verlaging in produksie kan afhangend wees van slegs die aanplant van hoë potensiaal lande of die impak van 'n El-Nino.
- Prysbewegings in scenario's is gekoppel aan produksievlakke, alhoewel baie ander faktore prysbeweging kan beinvloed.
- Kontantvloei benodig vir aanvangsmarge op 1000ha – R2.293 mil.
- Neem in ag omdat dit 'n spekulatiewe posisie is gaan finansierders dit nie noodwendig finansier nie.
- Die variasie marge (wins/verlies) hang grootliks af van die daaglikse prys beweging en beinvloed kontantvloei benodighede oor die termyn.

Die inligting is saamgestel op grond van gemiddelde aannames. Dit is belangrik dat elke produsent sy of haar eie plaasvlakberekeninge doen, aangesien omstandighede van plaas tot plaas verskil.

info@grainsa.co.za
www.grainsa.co.za



GSA
GRAIN | GRAAN

MIELIE SCENARIOS

KOOP TERMYN MARK KONTRAKTE (GEELMIELIES VOORBEELD)

		ha - 3,8%(+1/2 pyplyn)	Prys -10% (Huidig)	Prys - 20% (Huidig)
Safex Prys begin	**R / Ton**	R3 700	R3 700	R3 700
Safex Prys Sluit	**R / Ton**	R5 038	R3 330	R2 960
Produksie	**Ton**	**≥7,61 Mil**	**>7.91 Mil**	**>7.91 Mil**
Variasie marge	**R / Ton**	R1 338	-R370	-R740
Aanvangsmarge	**R / Ton**	-R420	-R420	-R420
Minimum Kontantvloei benodig (Totaal)		**-R2 977 775**	**-R5 822 300**	**-R8 549 200**
Net Posisie	**R / ton**	**R1 338**	**-R370**	**-R740**
Net Posisie	**1000ha**	**R9 488 325**	**-R2 726 900**	**-R5 453 800**

Beskrywing

Aanvangsmarge

- R42 000 per 100 ton kontrak
- R420/ ton

Aanname:

- Die prysbeweging sal nie moontlik wees as daar nie 3.8% minder produksie is nie. Die verlaging in produksie kan afhangend wees van slegs die aanplant van hoë potensiaal lande of die impak van 'n El-Nino.
- Prys bewegings in scenario's is gekoppel aan produksievlakke, alhoewel baie ander faktore prys beweging kan beinvloed
- Kontantvloei benodig vir aanvangsmarge op 1000ha – R3.095 mil.
- Neem in ag omdat dit 'n spekulatiewe posisie is gaan finansierders dit nie noodwendig finansier nie.
- Die variasie marge (wins/verlies) hang grootliks af van die daaglikse prys beweging en beinvloed kontantvloei benodighede oor die termyn.

Die inligting is saamgestel op grond van gemiddelde aannames. Dit is belangrik dat elke produsent sy of haar eie plaasvlakberekeninge doen, aangesien omstandighede van plaas tot plaas verskil.

info@grainsa.co.za
www.grainsa.co.za



GSA
GRAIN | GRAAN

MIELIES VS SOMERGEWASSE

Oostelike Hoëveld

Mieliewinsgewendheid



Sojaboonwinsgewendheid



Sorghumwinsgewendheid



Noordwes Vrystaat

Mieliewinsgewendheid (Hoër opbrengs)



Mieliewinsgewendheid (Gemiddelde opbrengs)



Sonneblomwinsgewendheid



Sojaboonwinsgewendheid



Alle grafieke is gebaseer op die vyfjaargemiddelde opbrengs per provinsie.

Die inligting is saamgestel op grond van gemiddelde aannames. Dit is belangrik dat elke produsent sy of haar eie plaasvlakberekeninge doen, aangesien omstandighede van plaas tot plaas verskil.

info@grainsa.co.za
www.grainsa.co.za



GSA
GRAIN | GRAAN

Noordwes

Mieliewinsgewendheid



Sonneblomwinsgewendheid



Sojaboonwinsgewendheid



Grondboonwinsgewendheid



Sorghumwinsgewendheid



10 November 2026

Oos Vrystaat

Mieliewinsgewendheid



Sonneblomwinsgewendheid



Sojaboonwinsgewendheid



Sorghumwinsgewendheid



Alle grafieke is gebaseer op die vyfjaargemiddelde opbrengs per provinsie.

Die inligting is saamgestel op grond van gemiddelde aannames. Dit is belangrik dat elke produsent sy of haar eie plaasvlakberekeninge doen, aangesien omstandighede van plaas tot plaas verskil.

info@grainsa.co.za
www.grainsa.co.za



GRAIN | GRAAN

Limpopo

Mieliewinsgewendheid



Sonneblomwinsgewendheid



Sojaboonwinsgewendheid



Sorghumwinsgewendheid



10 November 2026

Noord-Kaap Besproeiing

Mieliewinsgewendheid



Sojabonewinsgewendheid



Grondboonwinsgewendheid



Alle grafieke is gebaseer op die vyfjaargemiddelde opbrengs per provinsie.

Die inligting is saamgestel op grond van gemiddelde aannames. Dit is belangrik dat elke produsent sy of haar eie plaasvlakberekeninge doen, aangesien omstandighede van plaas tot plaas verskil.

info@grainsa.co.za

www.grainsa.co.za



GRAIN | GRAAN

10 November 2026

Klik op die onderstaande skakels om toegang te verkry tot die verskillende verslae wat op die Graan SA-webtuiste beskikbaar is.

GSA Markverslae

GSA Produksieverslae

GSA Insetverslae

Maximising maize profitability with VRA: insights from DIFM trials

Hoë insetpryse – wees voorbereid en bestuur dit self

Riglyne om deur ’n unieke en uitdagende tyd te beweeg

Graan SA hof toe oor Sojaboondifferensiaal

SA Graan Tydskrif

Die inligting is saamgestel op grond van gemiddelde aannames. Dit is belangrik dat elke produsent sy of haar eie plaasvlakberekeninge doen, aangesien omstandighede van plaas tot plaas verskil.

info@grainsa.co.za

www.grainsa.co.za